## Die storie van "Pikkewyn"

**T. Papenfus, *Pik Botha and his Times***
Litera Publications, Pretoria, 2010
1029 pp
ISBN 978-1-920188-34-4
R395.95

Talle biografieë oor prominente Suid-Afrikaanse politici het al die lig gesien maar min van hulle lees soos 'n roman. 'n Roman met elemente van spanning, ontroering, ontnugtering en humor. "Pikkewyn", oftewel Pik Botha, se verhaal is een van 'n begaafde en besielende Nasionale Party (NP) politikus wat hom gestaal het teen talle politieke en persoonlike uitdagings en terugslae. 'n Politikus wat in politieke denke, beleidsformulering en uitsprake sy tyd in sommige opsigte vooruit was, en in sekere opsigte 'n vars bries in die bedompige Suid-Afrikaanse politiek van die 1970's en 1980's gebring het. Sy uitsprake en politieke denke het hom dikwels in diep waters laat beland by kollegas en kiesers maar dit het hom nie van stryk laat bring nie. Dit is die verhaal van iemand wat daarvoor bekend was om gedigte op die agterkant van sigaretdosies te skryf; 'n ware ambassadeur was wat in Suid-Afrika se toekoms geglo het; iemand wat 'n deeglike begrip gehad het vir al die land se probleme maar ook besef het dat sy demokratisering teen 'n prys sou kom.

Pik Botha was nie die stereotiepe stroef, akademiese, donkerraam-bril politikus van sy tyd nie. Hy kon maklik sosiaal verkeer en in ligte luim oor die enorme politieke uitdagings van Suid-Afrika skerts. Blykens die hoofstuk, "The ladies man", was hy glo ook 'n gunsteling onder vrouens binne en buite die Nasionale Party.

Botha word in hierdie omslagtige en deeglike biografie weerspieël as 'n mens wat betekenisvolle gedigte kon skryf – iemand wat geworstel het met diep emosies soos liefde, hartseer, teleurstelling en moedeloosheid. Teleurstellings – polities en persoonlik – was daar baie, soos blyk uit die hoofstukke, "Cowboys don't cry" en "At the Rubicon". Eersgenoemde is 'n goeie voorbeeld van hoe talle NP-ondersteuners nie die werk, uitgangspunte en uitlatings van Botha verstaan het nie. Dit het daartoe gelei dat hy in sy tyd talle dreigemente van gewone burgers ontvang het, wat groot persoonlike teleurstelling meegebring het. In "At the Rubicon" loop die tema van teleurstelling soos 'n goue draad deur. Die gebeure voor en rondom P.W. Botha se welbekende Rubicon-toespraak het Botha baie teleurgestel. Sy hoop dat die staatspresident in sy hervormingstog Suid-Afrika verder weg van apartheid sou lei het in die niet verdwyn. Pik Botha het 'n kardinale rol gespeel in die opstel van 'n toespraak wat die staatspresident op 15 Augustus 1985 sou lewer ten aanskou van die hele wêreld waarin hy fundamentele verandering in die NP se beleid sou aankondig. Maar dit het nie gebeur nie, met die gevolg dat Pik Botha geweldige verleentheid moes verduur nadat hy persoonlik voor die tyd die media ingelig het dat groot veranderinge verwag kon word. Sy teleurstelling was dus groot.

Hierdie indrukwekkende werk van Theresa Papenfus wat 1029 bladsye beslaan (en talle foto's insluit) is die resultaat van jarelange diepgaande navorsing. Volgens Papenfus het die boek reeds in 1996 sy beslag gekry; of selfs 30 jaar vroeër in Worcester toe sy een middag ná skool *Die Burger* opgetel het met die opskrif, "Suid-Afrika wen", met verwysing na Suid-Afrika se oorwinning in die Wêreldhof om Suidwes-Afrika (nou

Namibië) te behou as deel van die land. Haar biografie is 'n gesaghebbende bron van inligting, op die man af, sonder enige voorbehoude of verskonings.

Papenfus slaag suksesvol daarin om Pik Botha te plaas teen die politieke en sosiale agtergrond van sy tyd. Sy beeld hom uit as 'n politieke leier wat vanaf die 1970's tot die 1990's deurlopend sy oog gehou het op die toekoms van Suid-Afrika. Botha was 'n gesoute politikus tydens 'n stormagtige tydperk in die geskiedenis van Suid-Afrika wat reeds vroeg in sy politieke loopbaan geskool is in die wandelgange en raadsale van die Verenigde Nasies, die Amerikaanse Withuis en verskeie diplomatieke vestings in Europa. Hy het egter baie kommentaar ontlok gedurende sy politieke loopbaan, en self daarna. So het Aartsbiskop Desmond Tutu per geleentheid in September 2003 die opmerking gemaak: "He ... did a commendable job defending the indefensible, I mean apartheid!" (p 2). Vic Zazeraj, Botha se privaatsekretaris oor baie jare heen, het 'n stappie verder gegaan en beweer dat: "If there was one man who dragged South Africa towards democracy, kicking and screaming, it was Pik. Not F.W. de Klerk" (p 309).

In die hoofstukke, "A Style of his Own"; "We Want Pik"; en "A Black President" word Botha nie net uitgebeeld as 'n gesoute politikus nie, maar ook as 'n gewone mens met 'n unieke styl en groot aanhang onder NP-ondersteuners. Die hoofstuk, "A Black President", verskaf 'n goeie voorbeeld van hoe sommige uitsprake van Botha hom in diep water laat beland het by sy eie kollegas en ondersteuners. Botha was van mening dat Suid-Afrika eendag deur 'n swart president gelei sou word en het bygevoeg dat hy geen probleem daarmee sou hê nie. Hierdie uitlating, asook die feit dat hy vir sommige kollegas en ondersteuners 'n té populêre voorkoms gehad het, sou 'n negatiewe uitwerking hê op sy kanse in die leierstryd wat in 1989 binne die NP onstaan het – 'n faktor wat goed toegelig word in die hoofstuk, "Wind of Change – and a Scuffle on the Bridge".

Papenfus se werk is belangrik om vier redes. Dit is 'n omvangryke, wetenskaplik-nagevorste stuk werk. Die skrywer verskaf 'n gedetailleerde oorsig van Pik se agtergrond, sy grootwordjare, en hoe en waar hy betrokke was in die politiek van die tyd. Die vroeë hoofstukke, "The Making of Pik Botha"; "The Early Years"; "The Frozen North"; "The Wonderboom Seat"; en "New Boy", is voorbeelde hiervan. Die boek slaag daarin om Botha se optrede en politieke motivering in perspektief te plaas sodat die leser tot 'n beter begrip kan kom van wie hy werklik was. Daar is dikwels in die verlede deur baie NP-lede opgemerk dat Pik Botha goedgunstiglik Suid-Afrika sou oorhandig aan die swart meerderheid. Hierdie boek van Papenfus slaag daarin om hierdie uitgangspunt suksesvol te verduidelik, en selfs te weerlê aangesien die leser tot 'n beter begrip kom van waarom, hoe en vanuit watter verwysingsraamwerk Botha opgetree het. In die tweede plek is hierdie boek belangrik omdat dit die leser deurgaans bewus maak van die ingewikkelde binnelandse verwikkelinge in Suid-Afrika, self vóór Botha aktief was in die NP en politiek. Verder illustreer dit goed die moeilike omstandighede waaronder Botha by talle geleenthede Suid-Afrika en sy apartheidsbeleid in die buiteland op verskillende verhoë moes gaan verdedig. Vergelyk in hierdie opsig, die hoofstukke "The Weary World and the Trruth"; en "Ambassador to the United Nations".

Derdens is hierdie biografie van belang omdat daar nie net nuwe inligting oor die persoon Pik Botha aan die leser bekend gestel word nie, maar ook nuwe inligting rakende aspekte waaroor daar nie baie in die verlede geskryf is nie. 'n Voorbeeld hiervan is die bespreking in die hoofstuk, "Nkomati in Tatters", van die rampspoedige vlug waarin Samora Machel, die president van Mosambiek, omgekom het en die negatiewe invloed

wat hierdie gebeurtenis gehad het op die reeds wankelrige Nkomati-akkoord. Suid-Afrika is vanuit verskillende oorde – waaronder Mosambiek, Zambië en Moskou – verantwoordelik gehou vir die vliegongeluk. Hierdie voorval het ook nuwe druk op Suid-Afrika geplaas ten opsigte van die apartheidsbeleid.

Die boek is in die vierde plek belangrik omdat dit die leser weer opnuut bewus maak van die ongemaklike en moeilik posisie waarin Suid-Afrika homself binne die internasionale politiek bevind het weens sy binnelandse beleid, en wat die rol van Pik Botha hierin was. Die hoofstukke, "A Sea of Troubles"; "Pik and the Rhodesians"; en "South-West Becomes Namibia", handel oor aangeleenthede waarin Botha 'n belangrike rol gespeel het om oplossings te vind vir uitdagings wat gevolg het op die winde van verandering wat sedert die 1960's oor Afrika gewaai het. Uit hierdie hoofstukke blyk dit ook duidelik dat Botha die groter wêreldspolitiek verstaan het en besef het dat internasionale druk op Suid-Afrika sou toeneem ten einde 'n demokrasie daar te stel.

Papenfus wend 'n goeie poging aan om, in 39 omvangryke hoofstukke met treffende titels, nuwe (en meer) lig te werp op die politikus Pik Botha se lewe – nie net sy politieke loopbaan nie, maar ook sy lewe daarvoor en daarna. Die leser word in hierdie hoofstukke as't ware op 'n reis geneem deur die lewe van Botha in die politiek teen die agtergrond van Pik die mens, eggenoot, pa en digter. Papenfus slaag daarin om op 'n doeltreffende wyse Pik Botha se verwysingsraamwerk, persoonlikheid, politieke loopbaan en al die faktore wat daarop ingewerk het, te verduidelik. Hierdie nuwe biografie verteenwoordig dus 'n goeie en deeglike toevoeging tot die biblioteek van biografieë van groot politieke rolspelers in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

*Juan Klee*
*Universiteit van Johannesburg*